Dagstukkies Week van 28 Mei tot 3 Junie 2107 oor preek van 28 Mei 2017

Sondag.
Preekopsomming oor eerste preek oor God as Skepper en ons kennis van die skepping: Alles wat is en was en sal wees, is die skepping van God. God die Vader is die oorsprong van alles, alles is uit Hom; God die Seun is die wysheid waardeur alles bestaan, alles is deur Hom; God die Heilige Gees laat deur sy krag alles tot verheerliking van God bestaan, alles is tot Hom. Alle skeppingswerk van God, elke atoom, molekuul, plant- en diersel, elke lewende wese, planeet, son, en sterrestelsel, elke melkweg en kosmos wat is, wat was en sal wees, is uit God, deur God en tot God geskep op so wyse dat God en sy handewerk onpeilbaar, onnaspeurlik en ondeurgrondelik is. Daarvoor eer en dank ons God: dat dit is hoe Hy en sy skepping is. Rom. 11:36.

Maandag
Die wyse waarop God ons vergewe, om as God self ons heilig en regverdig voor sy wet te maak, laat ons Hom weer as Skepper eer en dank dat alles wat is, uit, deur en tot Hom is, en niks uit, deur en tot ons of enige ander mens of menslike instelling is nie. Rom. 3: 27, 28. Die keuse om ons te vergeef is uit die Vader. Rom. 9: 11-13; Die Seun bewerk ons vergifnis deur sy offer, dit is deur Hom. Rom. 8: 10 en die Heilige Gees eie die vergifnis aan ons toe, dit is tot Hom. Rom. 8:10. Hierdie wyse waarop God ons vergewe laat ons weer die wyse waarop Hy Skepper is, herken en erken in alles. Uit Hom, deur hom en tot Hom is alles wat ek en die hele skepping is.

Dinsdag
Rom. 1: 18 – 23; Rom. 11: 35. Die natuurlike geestelikheid van mense is om God te onteer deur die houding dat wanneer mense vir God gee wat Hy as God begeer, God vir mense gee wat hulle begeer, of andersom: omdat God vir my nie gee wat ek begeer nie, sal ek nie vir Hom gee wat Hy begeer nie. Hierdie tipe verhouding met God onteer God as Skepper. Rom. 11: 35. Die kennis van elke deel van God se handewerk in sy skepping, van elke atoom, DNA en galaksie, ontwrig en vernietig hierdie verhouding van mense met God as Skepper. Dit is nie die wetenskap wat wys hierdie godsbeeld is vals nie. God self ontmasker deur die heerlikheid van elke deel van sy skeppingswerk hierdie tipe verhouding met God wat mense opmaak. God begeer niks van die mens nie. Die mens is algeheel op Hom aangewese, nie Hy op hulle nie. Rom. 11: 33 – 36.

Woensdag
Goddeloses, Rom.1:18, onteer God deur te ontken dat sy krag as Skepper ewigdurend is Rom.1: 20, deur hierdie krag toe te skryf en oor te dra op slange, voëls en diere! Rom. 1:23. Vir hulle is God se skeppingswerk niks anders as dit wat hulle noem “die natuur” en “natuurkragte” nie. Hulle vervang God se skepping en sy skeppingskrag in hulle gemoed met die idees van “natuur” en natuurkragte” asof dit selfonderhoudende en selfaangedrewe groothede teenoor God is. Hulle dra die eer

vir God se ewigdurende krag oor op die skepping asof dit die eienskappe van die skepping self is. So dra hulle God se eer oor op slange, voëls en diere. In hul goddelose gemoed is God nie Skepper van sy skepping nie maar “die god van die natuur”. Gelowiges ken nie so iets soos “die natuur” en “die natuurgod” nie. Hulle eer God se handewerk as sy skepping en die werking van sy skepping as deur sy krag. Rom. 1:19 -21.

Donderdag
Alle nuwe kennis oor God se skeppingswerk – dat die aarde biljoene jare oud is; dat die kosmos uit ʼn oerknal ontstaan het; dat die heelal nog groter en dieper is as wat ons gedink het; dat elke nuwe oerdier se skelet ons wys dat die verlede van die skepping heeltemal anders is as wat ons gemeen het; dat God lewe eers uit energie en toe van eensellige organismes, tot die kroon van sy skepping, die mens, ontplooi het, wys gelowiges net weer – uit Hom, deur Hom en tot is alles! Hy is onpeilbaar, ondeurgrondelik en onnaspeurlik! Rom. 11: 33 – 36. Wie van hierdie kennis van God se handewerk ʼn geloofskrisis oor God wil maak, tree nie tot eer van God op nie. Hulle regverdig net hul valse godsbeeld (Rom. 1:23): gee vir God en Hy gee terug! (Rom. 11: 35). Hiermee veg hulle teen God self, nie teen die wetenskap soos hulle wil voorgee nie.

Vrydag
Die werklike probleem wat kennis van God se skepping vir geestelikes veroorsaak, gaan oor hul valse godsbeeld, nie oor die wetenskap nie. Hul eie manier van verlossing maak dat hulle glo hulle kan God presies peil, deurgrond en verstaan – Hy gee wanneer jy gee! (Rom. 11:35) Só glo hulle hul kan alles oor God peil, deurgrond en verstaan. Hulle drome is God se drome, hul planne is sy planne, hul ervarings is sy gees en hul gedagtes is sy stem. (Rom. 1: 25) Enige kennis van God se skepping wat nie hul eie idees of planne is nie, ontwrig hul bygeloof. Gelowiges ken God se verlossing as die onpeilbare, ondeurgrondelike en onnaspeurbare goedheid van God (Rom.11:33): Hy laat ons regverdig en heilig wees, teen alle rede en begeertes in, sodat ons uit Hom, deur Hom en tot Hom sy kinders is. In hierdie geloof in God is alle kennis van God se skeppingswerk altyd vertroostend en nooit ontstellend nie.

ds. Petrus Kriel